

ONTSTAAN VAN STREEK STRELITZIA

Op 3 Augustus 1998 is daar 'n vergadering belê om die moontlikheid van die verdeling van Streek Oos Kaap te bespreek.

Tydens die AJV van Streek Oos Kaap in September 1998 is daar 'n keusevorm aan lede versprei om 'n keuse uit te oefen of hulle ten gunste van die verdeling van Streek Oos Kaap is.

Volgens die keuse vorms wat voltooi is, was daar 10 lede wat van mening was dat Streek Oos Kaap in die toekoms moet verdeel. Daar is 'n vergadering gedurende Februarie 1999 met belangstellende lede belê om die aangeleentheid verder te bespreek.

Op 1 Oktober 1999 is daar 'n verdere skrywe aan Streek Oos Kaap gerig met 'n lys van 25 lede wat daarin belangstel dat 'n nuwe streek in hierdie gebied gestig moet word.

Nadat goedkeuring van Streek Oos Kaap ontvang is, is daar op 5 November 1999 'n skrywe aan die Nasionale Voorsitter van SAWA gerig vir die nodige goedkeuring van NUB dat daar met die stigting van 'n nuwe streek voortgegaan kan word en op 20 November 1999 het die NUB goedkeuring daartoe verleen.

Op 18 Januarie 2000 is 'n vergadering met die belangstellende lede belê en is 'n Reëlingskomitee gestig.

Die eerste saamtrek is op 18 Maart 2000 te Van Stadensrivier gehou.

Op 24 Maart 2001 vind die amptelike stigting van Streek Strelitzia te Van Stadensrivier plaas.

Die eerste Streekbestuur bestaan uit die volgende lede:

Voorsitter: Lidnommer 2221: Ben Barnard

Ondervoorsitter: Lidnommer 3303: Hein van der Rijst

Penningmeester: Lidnommer 8956: Petro de Jager

Sekretaris: Lidnommer 9814: Cedric Adriaanzen

Addisionele Lede: Lidnommer 9228: Johan Esterhuizen,
 Lidnommer 9459: Ivan Ferreira

Die Nasionale Uitvoerende Bestuur, die Gebiedsbestuur van Kaap Middellande en die bestuur van Streek Oos Kaap, word bedank vir hulle behulpsaamheid om die stigting van Streek Strelitzia moontlik te maak.